Uitgawe 02, Maart2021

# KOMATIPOORT VOORLIGTING NUUSBRIEF

RCL Komatipoort Meule, Squamans Plaas,
Komatipoort, Mpumalanga
Posbus 1252, Komatipoort, 1340
013 723 4177 | 083 655 5011
Marius.Adendorff@sugar.org.za

**Marius Adendorff**
Voorligtingspesialis &
P&D-Offisier

## Rypmaker aanbevelings vir die besproeide variëteite

Gebaseer op die resultate van die nuutste rypmaker navorsing is die aanbevelings vir rypmaker toedienings vir die verskillende besproeide variëteite as volg:

| Variëteit | Ethephon (en ander handelsname) *Sapsuiwerheid onder 75%* | Fusilade Forte (en ander handelsname) *Sapsuiwerheid onder 85%*** | Kombinasie Ethephon + Fusilade (en ander handelsname) *Sapsuiwerheid onder 75%* | Moddus (en ander handelsname) *Sapsuiwerheid onder 85%*** | Kombinasie Moddus + Fusilade (en ander handelsname) *Sapsuiwerheid onder 80%* | Interim Aanbeveling (Slegs vir variëteite huidig met beperkte proef data) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| N14 | Nie aanbeveel | Aanbeveel | Nie aanbeveel | Onbekend | Onbekend | - |
| N19 | Aanbeveel | Aanbeveel | Sterk Aanbeveel | Onbekend | Onbekend | - |
| N23 | Aanbeveel | Aanbeveel | Aanbeveel | Nie aanbeveel | Word tans getoets | - |
| N25 | Aanbeveel | Aanbeveel | Sterk Aanbeveel | Aanbeveel | Word tans getoets | - |
| N36 | Aanbeveel | Aanbeveel | Sterk Aanbeveel | Aanbeveel | Word tans getoets | - |
| N40 | Aanbeveel | Aanbeveel | Aanbeveel | Onbekend | Onbekend | - |
| N41 | Aanbeveel | Aanbeveel | Sterk Aanbeveel | Aanbeveel | Word tans getoets | - |
| N43 | Aanbeveel | Aanbeveel | Nie aanbeveel | Aanbeveel | Word tans getoets | - |
| N46 | Nie aanbeveel | Aanbeveel | Nie aanbeveel | Aanbeveel | Word tans getoets | - |
| N49 | Aanbeveel | Aanbeveel | Nie aanbeveel | Aanbeveel | Word tans getoets | - |
| N53 | Aanbeveel | Aanbeveel | Nie aanbeveel | Aanbeveel * | Word tans getoets | - |
| N57 | Aanbeveel | Aanbeveel | Sterk Aanbeveel | Aanbeveel | Word tans getoets | - |
| N70 | Word tans getoets | Word tans getoets | Word tans getoets | Word tans getoets | Word tans getoets | Fusilade Forte |
| N71 | Word tans getoets | Word tans getoets | Word tans getoets | Word tans getoets | Word tans getoets | Fusilade Forte |
| N73 | Word tans getoets | Word tans getoets | Word tans getoets | Word tans getoets | Word tans getoets | Fusilade Forte |

* ***N53:*** *Onder marginale groeitoestande (bv. vlak gronde, droogte / beperkte besproeiingswater) kan die riet opbrengs van die variëteit N53 oormatig verminder word, ondanks 'n goeie RV% reaksie.*

** *Die gebruik van hierdie behandeling kan wel oorweeg word indien die refraktometer lesings wys dat die boonste derde van die stronk voldoende onvolwassenheid toon, alhoewel die heelstronk sapsuiwerheid bo 85% is. Die PurEst® -toepassing stel gebruikers outomaties hiervan in kennis.*

# Meer inligting aangaande die gebruik van chemiese rypmaakmiddels op suikerriet

- Verwys na SASRI Inligtingsblaaie 12.1, 12.2, 12.3, 12.4 en 12.5 vir gedetailleerde inligting.
- Neem kennis van die RCL rypmakersubsidie reëls en bestellings wat deur die InfoPack Ripener App-module gedoen moet word.
- Gebruik slegs geregistreerde rypmaker produkte. Dien toe volgens die aanbevelings op die etiket en volgens die toepaslike wetgewing. Moenie die geregistreerde toedienings vlakke oorskry nie of die toedieningswater volume van 30 L / ha verminder nie.
- Volg die SASRI-riglyne vir spuit-tot-oes-intervalle, met nie meer as een week vermindering in die spuit-tot-oes-interval nie, behalwe waar bewys kan word dat daar faktore buite die kweker se beheer was (bv. weghol brande).
- Dien rypmakers slegs op welig groeiende riet, met 8 of meer gesonde, groen blare en met voldoende grondvog vir aktiewe fotosintese na die toedien van die rypmakers, toe.
- Moenie rypmaker op riet met 'n sapsuiwerheid van meer as 85% toedien nie, tensy die Pur*Est*® app anders aandui (sien die voetnoot hierbo).
- Riet behoort nie ouer as 12 maande te wees, ten tye van toediening, nie. As daar uitsonderlike omstandighede is waar die suikerriet geskik vir rypmaking blyk te wees, moet kwekers:
  - ⇒ Refraktometerlesings neem vir die **Pur*Est***®-toepassing om 'n aanbeveling te gee;
  - ⇒ Versoek dat 'n eldana-inspeksie deur die LPD & VCC inspeksiespan gedoen word en;
  - ⇒ Kontak RCL se rietvoorsieningsafdeling om potensiële afwykings van hierdie ouderdomsperk op grond van bogenoemde resultate van **Pur*Est***® en eldana-inspeksies, te bespreek.
- Moet nie riet wat met siektes besmet is, wat baie insekskade het of met meer as 20% blomme ryp maak nie.
- Moenie riet rypmaak wat aan waterstremming ly nie (te droog of te nat).
- Verseker dat daar ’n voldoende bufferstrook tussen die land en enige menslike aktiwiteite, waterliggame, sensitiewe gewasse, obstruksies of natuurlike gebiede is.

# Beginsels onderliggend tot chemiese rypmaking en die instandhouding van kwaliteit in die laat seisoen:

Rypmaakmiddels kan gebruik word vir **chemiese rypmaking,** om lae rietkwaliteit, wat deur lang periodes van welige groei veroorsaak word, op te hef OF vir **laat-seisoen kwaliteit instandhouding**, wanneer welige groei na die winter hervat.

Vir die sukses van rypmaking of kwaliteit instandhouding, is dit krities dat:

- Daar voldoende oop, gesonde, groen blare is, om sukrose te produseer. Plante met minder as sewe blare, is nie geskik en onder vier blare sal geen sukrose akkumulasie plaasvind nie.
- Daar moet voldoende blaredak wees om die rypmaakmiddel op te neem. Rypmaking van suikerriet wat gaan lê het sal dus minder suksesvol wees.
- Voldoende grondvog is nodig vir optimale blaar funksionering. Oormatige afdroging sal nadelig wees.
- Enige vorm van spanning (beperkte water, versuiptoestande, siektes, plae, ens.) sal die sukses van rypmaking beperk.
- Dit is nie nodig om te raai oor rypmaking nie. Met behulp van refraktometer lesings en die resultate van die **Pur*Est***®-toepassing kan akkuraat rypgemaak word, en sodoende word sukrose-opbrengste geoptimaliseer en potensiële verliese beperk.

# Rypmaker aanbevelings:

## 1. Vroegseisoen slegs Volley (of ander handelsname) alleen rypmaker behandelingsprogram:

- Dien toe op suikerriet met sapsuiwerheid van onder 85%. Waar sapsuiwerheid 85% oorskry moet rypmaker slegs toegedien word gebaseer op refraktometer lesings en **Pur*Est*®** resultate.
- Spuit-tot-oes-intervalle wissel tussen 6 – 10 weke, afhangend van die oesmaand. Raadpleeg SASRI Inligtingsblad 12.4 of **Pur*Est*®** vir riglyne op spuit datums.
- Die geregistreerde toedieningshoeveelhede is 330 ml/ha vir die 125 g/L formulering (Volley, Orca, ens.), of 225 tot 275 ml/ha vir die 150 g/L formulering (Fusilade Forte), in 30 liter water per hektaar.
- Geskik vir toediening vanaf Januarie tot die einde van die tweede week in Mei.
- Vanaf die begin van die 3de week in Mei tot einde Julie, dien rypmaker slegs toe gebaseer op refraktometerlesings en **Pur*Est*®** resultate, uitgevoer 1 tot 2 weke voor die beplande toediening. Vir rypmaking subsidie gedurende die tyd, dien u resultate in by Rietvoorsiening via die Rypmaker toepassing.

## 2. Vroeg-seisoen slegs Moddus (of ander handelsname) alleen rypmaker behandelingsprogram:

- Dien toe op suikerriet met sapsuiwerheid van onder 85%. Waar sapsuiwerheid 85% oorskry moet rypmaker slegs toegedien word gebaseer op refraktometer lesings en **Pur*Est*®** resultate.
- Spuit-tot-oes-intervalle wissel tussen 7 – 10 weke, afhangend van die oesmaand. Raadpleeg SASRI Inligtingsblad 12.5 of **Pur*Est*®** vir riglyne op spuit datums.
- Die geregistreerde toedieningshoeveelhede is 1 liter/ha in 30 liter water per hektaar.
- Geskik vir toediening vanaf Desember tot die einde van die tweede week in Mei.
- Vanaf die begin van die 3de week in Mei tot einde Julie, dien rypmaker slegs toe gebaseer op refraktometerlesings en **Pur*Est*®** resultate, uitgevoer 1 tot 2 weke voor die beplande toediening.

## 3. Vroegseisoen Ethephon en Volley (of ander handelsname) kombinasie rypmaker behandelingsprogram:

- Dien Ethephon slegs toe op suikerriet met sapsuiwerheid onder 75%. Ethephon behandeling van suikerriet met sapsuiwerheid bo 75% kan ernstige negatiewe gevolge hê.
- Geregistreerde toedieningshoeveelhede vir lugtoediening is Ethephon 1,5 liter/ha, 12 weke voor oes, gevolg deur Volley teen 330 ml/ha, vyf tot ses weke later.
- Dien Ethephon slegs tot 30 April toe. Moet nie die kombinasiebehandeling in die laatseisoen gebruik nie.
- Moet nie riet ouer as 10 maande (ten tye van behandeling) met Ethephon ryp maak nie.
- Sien verskille in variëteit reaksie op die kombinasiebehandeling.

## 4. Vroegseisoen Moddus en Volley (of ander handelsname) kombinasie rypmaker behandelingsprogram:

- Gebruik die Modus-Volley kombinasiebehandeling slegs op suikerriet met sap suiwerheid onder 80%.
- Geregistreerde lugtoedieningshoeveelheid vir Moddus is 0,8 liter/ha, 10 weke voor oes, gevolg deur Volley teen 330 ml/ha 4 weke later.

## 5. Laatseisoen kwaliteit instandhouding program:

- Volley of Moddus (of ander handelsname) kan in Augustus tot Oktober toegedien word om die hoë rietkwaliteit, na natuurlike rypwording gedurende die winter te handhaaf. Dit sal die goeie RV% gedurende die lente en vroeg somer handhaaf deur te verhoed dat welige groei plaas vind.
- Ten tye van toediening sal die plante heelwaarskynlik stadig groei en volwasse wees (hoë sapsuiwerheid).
- Besluite om lande te spuit moet op meriete, op ’n land-tot-land basis geskied.
- Ten tye van toediening moet die blaredak in 'n goeie vegetatiewe toestand wees (7 of meer oop, gesonde, groen blare) en daar moet voldoende grondvog (besproeiing) reserwes wees om vogstremming vir 6 weke te verhoed.
- Die geregistreerde toedieningshoeveelheid vir Volley is 330 ml/ha, ses tot agt weke voor oes en Moddus 1 L/ha, sewe tot tien weke voor oes. Raadpleeg SASRI Inligtingstukke 12.4 & 12.5 of **Pur*Est*®** vir riglyne tot spuit datums.
- Die oordrag van behandelde riet moet vermy word.

Kontak my gerus vir enige vrae of vir spesifieke advies.

Extension Matters

Copyright subsists in this work. No part of this work may be reproduced in any form or by any means without the publisher's written permission. Whilst every effort has been made to ensure that the information published in this work is accurate, SASRI takes no responsibility for any loss or damage suffered by any person as a result of the reliance upon the information contained herein. The use of proprietary names in this publication should not be considered as an endorsement for their use.